Ontmoeting 14

Bennie en die Beker

Ons sien in hierdie ontmoeting 'n voorbeeld van vergifnis, hoe die herstel van verhoudings werk en hoe God die beste uit slegte omstandighede kan bring.

Teks: Gen 41:53 – 47:12

Hulpmiddels:

- Wasgoedpennetjies
- Ontbytgraankos ("puffed rice", "rice crispies" of "fruit loops")
- Wol of tou om oor die vertrek te span
- Prentjies: Jakob, Josef, die 11 broers, 'n piramide, 'n stoor, koringsak, silwerbeker en 2 Egiptiese wagte (Elke prentjie word op 'n wasgoedpennetjie vasgeplak.)
- Meel of sand
- Skinkborde
- Poeierverf
- Bruinpapiersakkies

WELKOM

"Aan die wasgoedlyn"

Deel die groep in kleiner groepe en hou 'n kompetisie. Elke groep het een persoon wat hul wasgoedlyn voorstel. Die groeplede hardloop een vir een na 'n emmer vol wasgoedpennetjies en gryp 'n handvol om aan hul wasgoedlyn (die persoon se klere) te hang. Wanneer die pennetjies op is, kan elke groep tel hoeveel wasgoedpennetjies hulle aan hul lyn kon vasmaak.

"Die skure van Egipte"

Maak 'n skottel vol ontbytgraankos en skryf daarby: "Die skure van Egipte". Gee aan elke groep/kind 'n kleinerige koppie of proppie en laat hulle van 'n lyn aan die oorkant (hul "eie" dorp) hardloop na die skottel (Egipte) om kos te gaan haal. Kyk hoe-veel kos elke span in 'n gegewe paar minute bymekaar kan kry.

WYDING

Sing 'n opgewekte lied, bv. "Dis so lekker om die Here te dien" van Soekie.

Gee aan elke kind 'n klein papiertjie waarop hulle iets kan skryf waarvoor hulle vir Jesus wil dankie sê. Terwyl almal "Dankie Jesus" sing (of terwyl 'n opname van 'n aanbiddinglied speel), steek hulle die "dankie"-boodskappies met wasgoedpennetjies aan 'n T-hemp wat aan 'n hanger hang (of aan enige ander gepaste voorwerp).

Temalied: "Ons God is 'n Wonder God" ("Our God is an awesome God") (Flam 85)

Stilword-ritueel:

Staan in 'n kring, hou hande vas en sê die volgende:

"Omdat ek in God glo*, kan ek die mense wat my seermaak vergewe.

Omdat ek in God glo*, sien ek uit na die mooi lewe wat God vir my gereedmaak."

WOORD

Span 'n tou of wol voor in die vertrek. Steek nou die wasgoedpennetjies met die karakters daarop as volg vas op die lyn: *Aan die een punt:* Jakob en sy seuns. *Aan die ander kant:* Josef, die piramide, die stoor en die wagte.

Verlede keer het ons storie van Josef opgehou waar hy die onderkoning van Egipte geword het. *(Wys na Josef by die piramide.)* Hy het groot skure laat bou om die ekstra koring wat hulle in die 7 goeie jare gehad het, te bêre. Die 7 jaar van droogte het aangebreek. Die mense se kos het minder geraak en hulle het by die koning van Egipte gaan hulp soek. Hy het gesê: "Gaan praat met Josef. Hy kan julle help." Josef het die skure oopgemaak en die koring begin verkoop.

Die droogte het wyer as Egipte gestrek en in Kanaän was dit ook baie droog. Jakob *(stap na die ander kant van die tou en wys na Jakob)* en sy seuns se kos het opgeraak. Jakob sê vir sy seuns: "Ek hoor daar is baie koring in Egipte. Gaan dadelik daarheen en gaan koop vir ons koring, anders sal ons van honger doodgaan." Tien van die seuns het gegaan. Jakob wou sy jongste seun, Benjamin, nie saamstuur nie. Hy was bang hy kom iets oor. *(Plaas Benjamin by Jakob en beweeg die ander broers in die rigting van Egipte.)*

Die 10 broers het in Egipte aangekom. Josef was in beheer van die verkoop van die koring. Almal moes na hom gaan om koring te koop. Die broers het voor Josef gekom en voor hom gebuig. Josef het sy broers dadelik herken, maar hulle het hom glad nie herken nie. Josef het baie kwaai met hulle gepraat. Hy het gevra: "Waarvandaan kom julle?" Hulle antwoord: "Van Kanaän af. Ons is hier om koring te koop." Josef het hulle beskuldig: "Nee, julle is spioene wat kom kyk waar julle Egipte die maklikste kan aanval." Hulle het dit natuurlik ontken en hom probeer oortuig: "Nee Meneer, ons was eintlik 12 broers. Die jongste een is nog by die huis by ons pa en een van ons broers is ongelukkig dood."

Josef sê vir hulle: "Julle gaan my moet oortuig hiervan. Ek wil eers julle jongste broer ook sien voordat ek julle glo." Hy het al die broers vir 3 dae in die tronk toegesluit. *(Draai die pennetjies om sodat die rugkante na voor wys.)* Na 3 dae het sy hart verander. Hy het beveel dat een broer in Egipte moes bly en dat die res huis toe moes gaan om die jongste broer te gaan haal. Hy het hulle sakke vol koring laat maak vir die mense by die huis.

Die broers het vir mekaar gesê: "Dit is nou ons straf oor wat ons aan Josef gedoen het!! Josef het ons gesmeek om hom nie te verkoop nie en ons wou nie luister nie. Nou is dit ons tyd om bang te wees. Ons skuld kom na ons toe terug."

Die broers het nie geweet Josef verstaan elke woord wat hulle sê nie. Toe Josef hoor hulle besef dat hulle destyds verkeerd gedoen het, het hy sommer hartseer geword. Simeon is gekies om agter te bly en die res het vir Benjamin gaan haal. Josef het die geld wat die broers betaal het, weggesteek bo in die sakke. Hy het ook vir hulle padkos gegee. *(Sit 'n pennetjie met 'n koringsak op die lyn.) (Hou een broer en draai die res om en beweeg weg.)*

Nadat hulle ver gereis het, maak een van die broers sy sak oop en sien die geld. Nou was hulle baie bang dat hulle in die moeilikheid gaan kom. By die huis was Jakob erg ontsteld en het gesê: "Josef is klaar dood, Simeon is in die tronk en nou wil julle nog vir Benjamin ook wegvat!! Ek gaan nog AL my kinders verloor. Ek sal dit nooit toelaat nie!!"

Die koring wat hul saamgebring het, was gou op en die broers het Jakob oortuig om Benjamin saam met hulle na Egipte te laat gaan. *(Beweeg die 10 broers terug na Egipte.)* Die broers het geskenke en geld vir Josef saamgeneem. Josef het hulle na sy huis genooi vir ete, maar die broers was baie bang dat dit 'n lokval was. By die deur van die huis het hulle vir die hoofamptenaar vertel van die geld wat in hulle sakke was en hulle wou die geld teruggee. "Wees gerus," het die amptenaar gesê: "Al julle geld is betaal. Dit moes God, die God van julle oupa en pa gewees het wat die geld in julle sakke gesit het."

Toe Josef inkom, het hulle voor hom gebuig en vir hom die ge-skenke gegee. Tot hulle verbasing was Simeon daar in Josef se huis en nie in die tronk nie. Josef het baie vrae gevra. Hy wou weet hoe gaan dit met hulle pa. Toe Josef sy kleinboetie, Benjamin, sien, sê hy vir hom: "My seun, God sal jou genadig wees." En toe het Josef haastig uit die vertrek gegaan. Hy was so hartseer dat hy in sy kamer gaan huil het.

Na 'n rukkie het Josef sy gesig gewas en teruggegaan eetkamer toe. "Bring die ete", het hy beveel. Aan tafel sien die broers 'n vreemde ding. Josef het hulle laat sit van die oudste tot die jongste. Hulle het mekaar verbaas aangekyk. Boonop het Josef vir Benjamin bederf en vir hom vyf keer meer kos gegee.

Josef het beveel dat die broers se sakke weer vol koring gemaak moes word, dat hulle geld bo in gesit en sy spesiale silwerbeker binne-in Benjamin se sak versteek moes word. Die volgende oggend vroeg het die broers Kanaän toe vertrek. *(Beweeg hulle op die lyn.)* Hulle was net 'n rukkie weg, toe stuur Josef twee Egiptiese wagte *(sit hulle op die lyn)* om hulle agterna te sit en te vra: "Hoekom steel julle? Hoekom neem julle die man wat julle help se spesiale silwerbeker met julle saam?" Die broers sê dadelik dat hulle onskuldig is. As die beker by een van hulle gekry word, kan hy maar doodgemaak word en die ander sal slawe wees. Die sekretaris sê toe: "Nou toe!! Maak oop hierdie sakke. Die skuldige sal my slaaf word, die res kan huis toe gaan." Van die oudste af het hulle hul sakke oopgemaak. Toe hulle by Benjamin se sak kom, kry hulle sowaar die beker. Almal was vreeslik geskok en hartseer. Hulle het teruggegaan na Josef toe. Hier was 'n groot probleem.

Die broers het voor Josef neergeval en gesê dat hulle almal sy slawe sal wees. Hulle het aan Josef verduidelik dat Benjamin hul pa se geliefde vrou se enigste lewende seun was en dat hul pa dit nie sal oorleef as Benjamin ook van hom weggevat sou word nie. Josef het gesien dat hulle rêrig jammer was oor wat gebeur het. Toe kon hy dit nie meer uithou nie. Hy het al die Egiptenare uitgestuur en toe hy met sy broers wou praat, kon hy eers net huil. Toe praat hy in hulle taal en sê vir hulle wie hy is. Hy wou weet of sy pa Jakob rêrig nog lewe. Sy broers was stomverbaas. Hy het hulle vertel wat als met hom gebeur het vandat hulle hom verkoop het. Hulle was vreeslik bly en het mekaar omhels. Hy het hulle gestuur om hul pa te gaan haal, saam met die hele familie.

Jakob kon nie glo wat hy hoor nie: "My seun lewe nog! Ek hoef nie langer te treur nie."

Josef het gery om sy pa te gaan ontmoet. Hulle het mekaar omhels en Jakob het gesê: "Nou kan ek in vrede sterf, ek het my seun gesien." Hulle hele familie het in Egipte gebly en God het hulle geseën.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat jy sou doen as jy Josef was en jou broers staan voor jou.
2. Ek wonder hoe jy sou voel as jy onregverdig beskuldig word.
3. Ek wonder of jy aan iemand kan dink vir wie jy moet vergewe.

WERSKAF

- Gee vir die kinders elkeen 'n bruinpapiersakkie. Laat hulle die teks van Gen 45:5-10 lees en dit wat vir hulle belangrik is daarop neerskryf en die sakkie versier. Wanneer hulle klaar is, kan hulle van die pap wat vir die welkom-speletjie gebruik is, in die sakkie kom skep en eet terwyl hul met 'n ander aktiwiteit besig is.
- Gee kopieë van die doolhof vir die groep om in te vul en die pad te soek van Josef se broers tot by hom in Egipte.
- Pak skinkborde uit met meel of sand. (Jy kan poeierverf daardeur meng om dit te kleur of sorg dat die skinkborde helderkleurig is). Gee die kinders geleentheid om 'n prentjie te teken of 'n naam te skryf van iemand of 'n situasie waar hulle moet vergewe. Laat hulle 'n kort gebed doen daarvoor en dan die prentjie/naam toevee op die skinkbord.

Sluit af met die seënbede:

Leidster: "Ons is hier..."
Kinders: "...om die Here te dien."
Leidster: "Wanneer God met ons praat..."
Kinders: "...volg ons net Sy raad."








C.J.E.A. MET
C.J.E.A. MET